

PUR Tussenverkiesingnuusbrieff 1

PEC By-Election newsletter 1

01/2026

2026/09/14

PUR NOMINASIES; VERKIESING REGULASIES EN PROSEDURE 2026

PEC NOMINATIONS; ELECTION REGULATIONS AND PROCEDURE 2026

VIR DIE AANDAG VAN SAOU LEDE IN KRING 2

VAKATURE OP DIE PROVINSIALE UITVOERENDE RAAD VAN SAOU KZN – KRING 2 (BIGGARSBERG, VRYHEID & NEWCASTLE/UTRECHT)

Daar bestaan tans 2 vakatures op die PUR vanweë die bedanking van 2 PUR lede.

Die vakatures sal deur middel van 'n tussenverkiesing gevul word. Die proses sal soos volg verloop:

1. NOMINASIE VAN PROVINSIALE UITVOERENDE RAADSLID – KRING 2 (BIGGARSBERG, VRYHEID & NEWCASTLE/UTRECHT)

1a. VERKIESINGSREGULASIES:

- NB! Slegs betalende SAOU – lede van Kring 2 (Biggarsberg, Vryheid & Newcastle/Utrecht) mag deelneem aan die nominasie- en verkiesingsproses. Dit beteken dat studente, interns en lewenslange lede nie deelneem aan hierdie proses nie.
- Die verkiesing van SAOU- lede tot die Provinsiale Uitvoerende Raad word bepaal deur die SAOU Grondwet. [\(Klik hier om die Grondwet te besigtig\)](#)
- Alle prosesse en relevante verkiesingsdokumentasie sal geverifieer en bekragtig word.
- Die hele verkiesingsproses sal elektronies geskied.
- Lede het toegang tot die skakels wat deel uitmaak van die verkiesingsproses via die

FOR THE ATTENTION OF SAOU MEMBERS IN CIRCUIT 2

VACANCY ON THE PROVINCIAL EXECUTIVE COUNCIL OF SAOU KZN – CIRCUIT 2 (BIGGARSBERG, VRYHEID & NEWCASTLE/UTRECHT)

There are currently 2 vacancies on the PEC due to the resignation of 2 of our members.

The vacancies will be filled by means of a by-election. The process will proceed as follows:

1. NOMINATION OF PROVINCIAL EXECUTIVE COUNCIL MEMBER – CIRCUIT 2 (BIGGARSBERG, VRYHEID & NEWCASTLE/UTRECHT)

1a. ELECTION REGULATIONS:

- NB! Only paying SAOU members in Circuit 2 (Biggarsberg, Vryheid & Newcastle/Utrecht) may participate in the nomination and election process. This means that students, interns and lifelong members may not participate in this process.
- The election of SAOU members to the Provincial Executive Council is determined by the SAOU Constitution. [\(Click here to view the Constitution\)](#)
- All processes and relevant election documentation will be verified and validated.
- The entire election process will take place electronically.
- Members have access to the links that are part of the election process via the newsletters. Members' ID numbers will be verified to confirm

nuusbriewe. Lede se ID-nommers sal geverifieer word om lidmaatskap te bevestig. Slegs geverifieerde lede se nominasies en stemme sal in ag geneem word.

- Lede is ingedeel in 'n spesifieke geografiese kring ([sien skakel](#)) in die provinsie. Let daarop dat die vakatures binne Kring 2 (Biggarsberg, Vryheid en Newcastle/Utrecht) bestaan en as sulks poog die tussenverkiesing om hierdie vakatures te vul. ***SLEGS lede binne Kring 2 (Biggarsberg, Vryheid & Newcastle/Utrecht) mag deelneem aan die proses.*** Stemme wat in die verkeerde kring gemaak word, sal nie in ag geneem word nie.
- **Dit is belangrik om te onthou dat die 2 vakatures in Kring 2 (Biggarsberg, Vryheid & Newcastle/Utrecht) is. Daar is geen verdere vakatures nie.**
- Indien daar slegs twee genomineerdes vir Kring 2 (Biggarsberg, Vryheid & Newcastle/Utrecht) ingedien is, sal daardie genomineerdes outomaties deurgaans as die verkose lede wat die onderskeie vakatures gaan vul.
- In die geval soos hierbo genoem, sal dit dus nie vir die lede van Kring 2 (Biggarsberg, Vryheid & Newcastle/Utrecht) nodig wees om te stem nie. Die skakel sal outomaties sluit met 'n boodskap van waardering dat u deelgeneem het aan die stemproses.

1b. NOMINASIE PROSES:

- 'n Vriendelike beroep word op SAOU-werkplekvertegenwoordigers, hoofde en SAOU-lede gedoen om streng by die keurdatums te hou.
- Skakels na die nominasie-, sekondering- en aanvaardingsvorme is vervat onderaan hierdie nuusbriewe.
- Wanneer u 'n kandidaat benoem, sal u ook 'n sekondant moet benoem en dan beide se name, selnommers of e-pos adresse moet ken en invul. Die benoemde sekondant moet dus van die skakel gebruik maak om die sekonderingsvorm te voltooi.
- Daarna sal die benoemde kandidaat ook die aanvaardingsvorm voltooi deur van die ondergenoemde skakel gebruik te maak waarmee hy / sy die nominasie aanvaar asook 'n verkorte CV voltooi en 'n foto van hom- of haarself aanstuur soos versoek.

membership. Only verified members' nominations and votes will be taken into account.

- Members are divided into specific geographical circuits ([see link](#)) in the province. Note that there are **two vacancies in Circuit 2 (Biggarsberg, Vryheid & Newcastle/Utrecht)** and as such the by-election seeks to fill these vacancies. ***Only members in the Circuit 2 (Biggarsberg, Vryheid & Newcastle/Utrecht) will be allowed to participate.*** Votes casted in the wrong circuit will not be taken into account.
- **It is important to remember that the two vacancies are in Circuit 2 (Biggarsberg, Vryheid & Newcastle/Utrecht). There are no further vacancies available.**
- If there is only two nominees for Circuit 2 (Biggarsberg, Vryheid & Newcastle/Utrecht), those nominees will automatically pass as elected to the respective circuits.
- In the case mentioned above, it will thus not be necessary for the members in Circuit 2 (Biggarsberg, Vryheid & Newcastle/Utrecht), to vote. The link will automatically close with a message of appreciation that you have participated in the voting process.

1b. NOMINATION PROCESS:

- A friendly request is made to SAOU workplace representatives, principals and SAOU members to adhere strictly to the due dates.
- Links to the nomination, secondment and acceptance forms can be found at the bottom of this newsletter.
- When you nominate a candidate, you will have to nominate a seconder as well and then supply both the nominated candidate as well as a seconder's cell numbers or email addresses. The nominated seconder will make use of the link to complete the seconder form.
- Thereafter the nominated candidate will need to follow the link with which he / she accepts the nomination and if so, also complete an abridged CV and send a photo of himself or herself as per request.
- ***Nominations will be made at all institutions within Circuit 2 (Biggarsberg, Vryheid & Newcastle/Utrecht) where there are SAOU members from 14 September – 17 September 2026.***

- **Nominasies vind plaas vanaf 14 September tot 17 September 2026 by alle instansies binne Kring 2 (Biggarsberg, Vryheid- & Newcastle/Utrecht) waar SAOU-lede is.**
- Die nominasie-, sekondering- en aanvaardingsvorme word outomaties herlei tot saoukzn@saou.co.za. **Geen van die bogenoemde dokumentasie kan na 18 September 2026 ingedien word nie**
- Enige beswaar wat 'n lid teen hierdie proses wil indien, kan by wyse van epos na cynthiaf@saou.co.za gestuur word **voor of op 18 September 2026**. Die aard van die beswaar moet duidelik gestel en motiveer word. Geen anonieme beswaar sal aanvaar word nie.
- Elke instansie binne Kring 2 (Biggarsberg, Vryheid & Newcastle/Utrecht) se SAOU - werkplekvertegenwoordiger moet hierdie proses noukeurig monitor en lede herinner aan spertye.

Die Provinsiale Kantoor verwerk die inligting en stuur op 21 September 2026 per Tussenverkiesingsnuusbrief 2 die inligting van die genomineerde kandidate met 'n kort CV, aan lede.

- The nomination, secondment and acceptance forms are automatically redirected to saoukzn@saou.co.za. **None of the above documentation can be submitted after 18 September 2026.**
- Any objection that a member wishes to file against this process must be sent via email to cynthiaf@saou.co.za **on or before 18 September 2026**. The nature of the objection must be clearly stated and motivated. No anonymous objections will be accepted.
- Each institution's SAOU workplace representative within Circuit 2 (Biggarsberg, Vryheid & Newcastle/Utrecht) must closely monitor this process and remind members of the deadlines to be met.

The Provincial Office processes the information and will communicate a list of all the nominated candidates together with a short CV to members on 21 September 2026 in By-Election Newsletter 2.

[NOMINASIEVORM – word deur die voorsteller voltooi |](#)
[NOMINATION FORM – to be completed by the proposer](#)

[SEKONDERINGSVORM – word deur die sekondant voltooi |](#)
[SECONDER FORM – to be completed by the seconder](#)

[AANVAARDINGSVORM – word deur die genomineerde voltooi |](#)
[ACCEPTANCE FORM – to be completed by the nominee](#)

SAOU



012 023 1333



076 127 1921



saou@saou.co.za



www.saou.co.za

